DAG 12

God ontmoet ons in die vuur

Lees Levitikus 9:23-24.

… vuur wat van die Here gekom het… (v. 24).

Moses en Aäron wou graag tyd in die teenwoordigheid van die Here deurbring. En wat 'n voorreg was dit nie vir hulle nie. Toe hulle by die tent van samekoms uitkom en die volk seën, het die heerlikheid van die Here aan die volk sigbaar geword. 'n Vuur het uitgegaan en die brandoffer op die altaar verteer.

Hierdie is 'n aangrypende demonstrasie van die Here wat Homself aan sy mense openbaar. Toe die volk dit sien, het hulle gejuig en voor die Here neergeval. Die seuns van Aäron wou hierdie vuurverskynsel van die Here nadoen en het vuurpanne geneem en elkeen sy eie vuur daarin geskep. Hierdie "vreemde vuur" was vir die Here onaanvaarbaar. Daarom het die Here se vuur hulle verteer.

Die Here wil ons ontmoet in sy heerlikheid en krag. Hy sien ons godsdiensbedrywighede wat

leeg en kragteloos is. Waar dit bloot tradisie is, verteenwoordig dit 'n "vreemde vuur" in sy teenwoordigheid. Hy wil ons daarvan bevry sodat ons sy kragtige werking kan sien. Dan sal ons juig en bly wees en daarvan getuig dat die lewende Here met ons is.

Ek wil U beleef in u volle krag as Koning van my lewe. Help my om nie halfhartig tot U te nader nie. Laat u vuur in my helder brand.

Aantekeninge: